NUUSBRIEF Nr. 20 **Februarie 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag 27 Februarie 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

HISTORIESE BERGPASSE VAN DIE LANGEBERG EN OUTENIQUA BERGE

Dertien van die veertien bergpasse tussen Montagu en Plettenbergbaai het vir meer as 200 jaar ‘n noemenswaardige rol gespeel in die geskiedenis van die Suid-Kaap; meeste van hierdie historiese passe is vandag nog in gebruik. Weet u dat een van die oudste passe oor die Langeberge is tussen Riversdal en Heidelberg geleë?

Kom en vind meer uit van ons baie interessante plaaslike geskiedenis met amateur historikus Niel van Wyk, hy neem ons op ‘n geïllustreerde toer van hierdie passe, en bespreek hul geskiedenis en ontwikkeling.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Januarie Maandelikse Praatjie.

Ten spyte van tokkelossies wat met die projeksie stelsel gemors het, het Stefan Pretorius ‘n baie interessante praatjie gelewer oor sy byna vyf jaar in Iran in die 1970’s. Hy het vertel van lewe in Iran, sy reise deur die land, en hoe hy die Iraniese Burgeroorlog toe die Sjah onthef is, oorleef het; Stefan en sy vrou is in Iran gestrand vir 6 maande voordat hulle uiteindelik kon uitkom en terugkeer na Suid-Afrika.

Jagersbosch Fonds.

Na aankoop van die projeksie skerm en data projektor, is die Jagersbosch Fonds weer aan die groei. By die TED praatjie van 25 Januarie is R156 ingekry (R4 van elke R5 kursusfooi gaan na die Fonds); en by die Januarie maandelikse vergadering was die opkoms van die uitloting R385.

Vir ‘n volle lys van alle bydraes, sien die ‘Jagersbosch Fonds’ blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand ‘n donasie wil maak.

Lidmaatskap

Ons getalle kan net nie ophou groei nie! By elke maandelikse vergadering sluit nuwe mense aan; tans staan die ledetal op 149.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Stefan Pretorius is die ko-ordineerder vir alle U3A Stilbaai kursusse, sy kontak is *info@u3astilbaai.org*.

- **Kuns vir Beginners** : Vergader eerste Donderdag van die maand. Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Toere van Stilbaai, Jongensfontein, Riethuiskraal en Melkhoutkraal word beplan – hou hierdie spasie dop!
- **Kookkuns** : Die kookkursusse is baie populêr; maar ons moet getalle beperk. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *info@u3astilbaai.org*.
- **Kuns waardering** : Kontak Bonnita Davidtsz op *wingover@myconnection.co.za*.
- **Voëlkyk vir beginners** : Kontak Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com*; getalle word beperk en dié populêre kursus is gou vol.
- **"TED Talks"** : Die TED kursusse sal op die vierde Woensdag van elke maand om 09h30 in Die Waenhuis aangebied word. Daar was 'n goeie bywoning by die eerste praatjie op 25 Januarie; die volgende een is op 22 Februarie – die titel is **"Is u 'n Ekstrovert of Introvert? Wat maak dit saak?"**. Kontak Stefan by *info@u3astilbaai.org* vir meer inligting.
  [**TED** is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van wetenskap tot sake aangeleenthede tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.]

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

UITSTAPPIES

Ons volgende uitstappie is na Baleia Wynkelder net buite Riversdal. Dit sal in Maart wees, ons sal laat weet van die datum sodra die reëlings finaliseer is. Die besoek behels 'n wyn proewery gevolg deur ligte middag-ete. Ongelukkig is die getal deelnemers beperk tot 30. Moenie ons nou al hieroor kontak nie, ons sal laat weet sodra besprekings oop is.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir die maandelikse praatjies is as volg; maar let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede.

- 27 Feb 2017: Sal Carter praat oor berowing of ontneming ("bereavement") en hoe om so 'n situasie te hanteer.
- 25 Apr 2017: Max Döckel gee ons sy jaarlikse ontleding van die regering se begroting en wat dit vir die man op die straat beteken.
- 29 Mei 2017: Derick Swart praat oor aanpassings in veeboerdery as reaksie op veranderinge in die omgewing.
- 26 Jun 2017: Daan Toerien bespreek die impakte van "fracking" in die Karoo op toerisme.
- 31 Jul 2017: Petra Daneel vertel ons meer van Jagersbosch.

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG